Geagte Ouers van graad 9 leerders,

DIE WAARDE VAN DUITS AS SKOOLVAK

Baie ouers wonder wat die nut van Duits as vak op skool is. Moontlik is u en u seun in vertwyfeling oor watter vakke die regte keuse vir hom volgende jaar is. Indien u seun van Duits hou en redelik goed daarin presteer, behoort hy dit ernstig te oorweeg om dit as vak te kies. Om u vrae ten opsigte van Duits te beantwoord, kan u gerus die inligtingstuk lees. U is baie welkom om my te skakel. Indien u seun Duits oorweeg, laat hy gerus ook met graad 10- en 11-leerders gesels wat dit reeds neem.

Vriendelike groete.

Sannette Greyvenstein
Duitse onderwyseres
083 414 8483
051 436 5374

Waarom Duits as vak?

1. Duits het meer as 'n 100 miljoen moedertaalsprekers. Verder is daar miljoene mense oor die wêreld wat Duits as tweede, derde of vierde taal kan praat. Duits is die sesde mees gesproke taal ter wêreld en die mees gesproke taal in Europa. Dis die tweede grootste internettaal. Met die ryke kultuur en tradisies van die Duitsers, waarvan ons baie wetend of onwetend navolg, is dit 'n taal wat die moeite werd is om te praat. In talle lande waar Duits nie 'n amptelike taal is nie, kom mens daarmee oor die weg.

2. Indien 'n leerder Duits tot graad 12 neem, behoort hy met gemak 'n gesprek in Duits te kan voer en die taal baie goed te kan verstaan. Leerders wat Duits neem het verskeie geleenthede van graad 10 tot 12.

* In September volgende jaar is daar 'n reis vir graad 10 en 11- leerders na Duitsland. Daar het reeds drie toere van dié aard plaasgevind, met seuns wat baie daarby gebaat het. Indien u seun belangstel, kan hy binnekort die inligtingsbrief by my kom haal. Tydens die toer word baie gefokus op die praat van Duits en kontak met die mense en die kultuur van Duitsland. Na so 'n toer behoort u seun met selfvertroue alleen internasionaal te kan reis.
* Talle kontakte is al in Duitsland opgebou, veral as gevolg van die toer. Dit bring mee dat ek privaat uitruile van Duitsland na Suid-Afrika en dan weer vir ons seuns na Duitsland reël vir diegene wat daarin sou belangstel. Seuns besoek dan 'n Duitse gesin en leef vir die tydperk saam met hulle.
* Deur die FSA (Friends of South Africa) of deur 'n privaatuitruil wat ek reël, indien ek 'n geskikte gesin vind, mag leerders wat Duits as vak neem in graad 10 of 11 ook aansoek doen om by 'n gasgesin in Duitsland tuis te gaan. Daar is verskeie opsies en talle van ons leerders het al met groot sukses daaraan deelgeneem.
* Aan die einde van graad 10 kan die toppresteerders in Duits aan die Duitse Olimpiade deelneem wat verskeie aanloklike pryse, onder andere gratis reise na Duitsland, insluit. Vyf Grey-seuns oor die afgelope paar jaar het al die geleentheid gehad om vir 5 weke op die Duitse regering se koste Duitsland te besoek. Hulle het dié reis ontvang vanweë hul goeie prestasies in die Duitse Olimpiade.
* Aan die einde van graad 12 kan leerders 'n internasionale eksamen aflê, naamlik *Deutsch B1*. Dit word by die Vrystaatse Universiteit afgelê en is 'n besondere handige toevoeging tot enige CV. Dit is ook die eerste verseiste om in Duitsland te gaan studeer. 'n Verdere taalkwalifikasie word nog vereis, maar word tydens die studie in Duitsland afgelê.

3. Aangesien Duitsland een van die toonaangewendste lande ter wêreld is, is daar in die meeste studierigtings, byvoorbeeld die regswese, ingenieurswese, argitektuur, teologie, medisyne, musiek, ens., baie literatuur in Duits op die internet beskikbaar. Verder is Duitsland een van Suid-Afrika se grootste handelsvenote en bestaan daar talle geleenthede vir Suid-Afrikaners om in Duitsland vir korter of langer tydperke te gaan werk, veral vir ingenieurs. Indien 'n leerder in die toerismebedryf belangstel, is dit natuurlik baie handig om Duits magtig te wees, aangesien Duitsers per kapita die

meeste reis in die wêreld. Die grootste aantal toeriste per jaar na Suid-Afrika is Duitsers. Daar is ook studiemoontlikede vir Suid-Afrikaners (veral nagraads) in Duitsland vanweë hul beleid om buitelanders aan Duitse universiteite te akkommodeer.

4. Ten opsigte van Duits as vak, is dit in 2003 deur die Parlement ingesluit by die groep tale wat deel van die Suid-Afrikaanse skoolkurrikulum vorm. Die vrees wat bestaan het dat dit uitgefasseer sou word, is daarmee die nek ingeslaan.

5. As skoolvak is dit 'n baie interessante en leersame vak. Leerders leer nie bloot 'n ander taal aan nie, maar daarmee saam 'n ander kultuur, denk- en leefwyse. Die vak leen hom tot 'n baie aangename en interessante aanbieding. Grey is een van min skole wat dit nog as vak aanbied. Dit bemagtig leerders, veral na skool in wat hulle ookal doen. Terloops, Grey is een van die skole in Suid-Afrika met die meeste leerders wat Duits as vak kies.

6. Jaarliks versoek graad 10 leerders wat eers 'n ander vak gekies het, om na 'n paar maande na Duits oor te skakel. Ongelukkig is dit nie moontlik nie, aangesien hy die agterstallige werk nie self kan inhaal nie. Hy moet dit dus van die begin van graad 10 neem.

7. Vir die ywerige leerders wat Duits as 'n ekstra vak wil neem, word dit aangebied op een middag per week by die skool op 'n tyd wat die leerders pas. So 'n leerder moet 'n minimum van 70% vir Duits in graad 9 behaal. Dit kos ongeveer R400,00 per leerder per kwartaal en word direk aan die onderwyser betaal.

Dear Parents of grade 9 learners,

THE VALUE OF GERMAN AS SCHOOL SUBJECT

Many parents may wonder what the worth of German as school subject is. To answer you questions, you can read the enclosed information. You are most welcome to contact me if you need any further information. If your son enjoys German and achieves good marks, he should consider taking German as a subject and should talk to the grade 10 and 11 learners who are currently taking German.

Kind regards.

Sannette Greyvenstein
German Teacher
083 414 8483
051 436 5374

The value of German as school subject

1. Today there are more that a 100 million mother tongue speakers of German in the world. Furthermore there are millions of people worldwide who can speak German as a second, third or fourth language. German is the sixth most spoken language in the world and the most spoken language in Europe. It is the second largest Internet language. In many countries where German is not an official language, it becomes a language of communication.

2. If a learner takes German up to grade 12, he will be able to speak German quite well and will have a good understanding of the spoken language. Learners who have German as subject have several opportunities from grade 10 to 12:

* In September 2015 the fourth tour to Germany will take place. This is for grade 10 and 11 learners who have German as subject. The information regarding the tour, will soon be available.
* In grade 10 or 11 learners may apply through the FSA (Friends of South Africa) to visit Germany as an exchange student. Many Grey Boys have participated in this programme thus far.
* At the end of grade 10, learners may participate in the German Olympiad. Several prizes are awarded which can include a free trip to Germany. Since 2008 Grey had five achievers who won this trip.
* At the end of grade 12 an international exam can be written. It is known as *Deutsch B1*, which is an excellent achievement to include in a CV. This is also the first requirement for a foreign student to study at a German university.

3. Because Germany is one of the leading countries in the world, much information is available in German in many learning areas such as architecture, law, engineering, medicine, theology, music, etc. If a learner is interested in tourism, German is very useful because many tourists in the world are Germans.

4. German as school subject, amongst other languages, was included by Parliament in 2003 as part of the new school curriculum.

5. German is a very interesting subject. Learners do not only learn to speak a new language, but are also exposed to several interesting activities in the learning process. Grey is one of the few schools which still offers German as subject. German empowers learners in whatever they want to do after school. Grey is one of the schools in South Africa with the most learners who choose German as a subject.

6. If your son has favoured another subject but wants to replace it with German later during grade 10, it is unfortunately not possible, because catching up on lost work is very difficult.

7. However, Grey does offer it as an extra subject. To qualify, a minimum of 70% for German in grade 9 is required. Lessons include one hour a week at a suitable time. Costs are more or less R400,00 per learner per term and is directly payable to the teacher.